PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

LUG JOU MENING

UITNODIGING VIR OPENBARE VOORLEGGINGS PORTEFEULJEKOMITEE OOR LANDBOU, BOSBOU EN VISSERYE

In ooreenstemming met die Parlement se kernoogmerk om openbare deelname en wetgewende prosesse te bevorder, sal die Portefeuljekomitee oor Landbou, Bosbou en Visserye Openbare Verhore in die Parlement hou oor die Wysigingswetsontwerp op Drankprodukte [B10 – 2016], Wysigingswetsontwerp op Nasionale Bosse [B11 – 2016] en die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Veld- en Bosbrandel [B22 – 2016] op Dinsdag, 15 en Woendag, 16 Augustus 2017.

WYSIGINGSWETSONTWERP OP DRANKPRODUKTE [B10 – 2016]

Die Wysigingswetsontwerp op Drankprodukte [B10 – 2016] poog om die Wet op Drankprodukte, 1989 (Wet Nr. 60 van 1989) te wysig, om sekere definisies te wysig en ander te skrap; voorsiening te maak vir die hernoem en hersamestelling van die Wyn- en Spiritusraad en sy magte te beperk; voorsiening te maak vir vereistes betreffende bier, tradisionele Afrika-bier en ander gefermenteerde drank; om 'n bepaling te herroep ten opsigte van die magtiging van sekere alkoholiese produkte; om die Minister te magtig om 'n persoon te benoem om uitvoersertifikate uit te reik; om sekere bepalings in ooreenstemming met die Grondwet te bring; om die Minister se magte uit te brei om regulasies in te stel; om terminologie rakende gendergelykheid te verskaf; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

WYSIGINGSWETSONTWERP OP NASIONALE BOSSE [B11 – 2016]

Die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Bosse [B11 – 2016] poog om die Wet op Nasionale Bosse, 1998 (Wet Nr 84 van 1998) te wysig, om voorsiening te maak vir duidelike definisies betreffende natuurlike bosse en woude; om voorsiening te maak vir openbare trusteeskap van die nasie se bosbouhulpbronne; om die bevordering en afdwing van volhoubare bosboustuur te versterk; om die maatreëls waarvoor daar in die Wet voorsiening gemaak word te vermeerder, om ontbossing te beheer en te remedieer; om voorsiening te maak vir appèlle teen besluite wat deur toegewysde magte en pligte gemaak is; om oortredings en boetes verder te versterk; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

WYSIGINGSWETSONTWERP OP NASIONALE VELD- EN BOSBRANDE [B22 - 2016]

Die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Velde en Bosbrande [B22 - 2016] poog om die Wet op Nasionale Veld-en Bosbrande, 1998 (Wet Nr 101 van 1998) te wysig, om sekere definisies te wysig en in te voeg; om voorsiening te maak vir die bevordering van die totstandkoming van brandbeskermingsverenigings deur 'n munisipaliteit of 'n tradisionele raad; om 'n munisipaliteit, eiendomme in staatsbesit, openbare entiteite of ander staatsorgane wat oor grond beskik te verplig om by brandbeskermingsorganisasies aan te sluit; om die magte van toegang, ondersoek, beslaglegging en inhegtenisneming aan vredesbeamptes uit te brei, om die titel van die Wet op Nasionale Bosbrande te wysig; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

Belangstellendes en belangehouers wat kommentaar op die bogemelde Wetsontwerpe wil lewer, word vriendelik versoek om skriftelike voorleggings aan die Portefeuljekomitee teen nie later as Vrydag, 04 Augustus 2017 te stuur nie. Belangehouers wat mondelinge voorleggings wil doen, moet ook 'n skriftelike versoek doen of teen nie later as Vrydag, 04 Augustus 2017 met ons kantoor in aanraking te kom nie.

Alle korrespondensie moet gerig word aan **Me Machwene Rosina Semenya**, Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Landbou, Bosbou en Visserye en gerig word vir die aandag van **Me Albertina Kakaza**, Posbus 15, Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, Kaapstad, 8000 of e-pos **akakaza@parliament.gov.za** of faks: **086 694 3529**, telefoon: **(021) 403 3765** of selfoon: **083 709 8391.**

Uitgereik deur: Me Machwene Rosina Semenya, LP Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Landbou, Bosbou en Visserye.